Markus 10:32-52

Tema: God speel in die Geskiedenis

Die vorige twee Sondae het ons gesien hoe God in die skepping en in die gemeenskap, binne verhoudings speel. Vandag kyk ons hoe God in die geskiedenis speel. Dit is opvallend hoe die geskiedenis deur die eeue aan ons voorgehou word binne die parameters van wie in daardie tyd die heersers was: Die Assiriërs, Babiloniërs, Perse, Grieke, Romeine. Dit was gewoonlik die sterkstes, die magtigstes, die mees invloedrykes...

Wanneer God die geskiedenis inbreek in die menswording van Christus, was dit in die tyd van die Romeinse oorheersing. Augustus was die keiser in Rome en Herodus die Grote was die koning in Judea. Die Jode verwag vir eeue die Messias, om die Romeinse juk te breek. Die geboorte van Jesus wat met die aankondiging van ‘n opvallende groot ster gebeur, bring ‘n stuk ongemak by Herodus wat geweet het dat dié teken die koms van ‘n nuwe koning aankondig. Daarom dat hy al die seuntjies wat in daardie tyd gebore word, laat doodmaak om toe te sien dat hierdie nuwe koning nie die lewe sal sien nie. ‘n Engel waarsku Josef en Maria wat na Egipte vlug...God se inbreek in die geskiedenis is van meet af nie kinder-speletjies nie...

Die spelreëls van die koninkryk van God lyk van die die begin af anders as hoe dit in die wêreld geskiedenis uitspeel. Min het dit verstaan – klaarblyklik selfs nie die dissipels nie. Die kern van hierdie spelreëls kry ons in Jesus se Berg Predikasie: *Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, is die wat die wat treur, is die sagmoediges, is hulle wat honger en dors na geregtigheid, is die vredemakers. In plaas van te vergeld, trek jou baadjie uit, stap ‘n ekstra kilometer saam. Moenie op die hoeke gaan staan en bid dat almal jou toewyding kan sien nie, gaan doen dit in jou binnekamer. Hê julle vyande lief. Moenie dat jou linkerhand weet wat jou regterhand doen nie. Moenie besorg wees oor hoe julle aantrek en wat*

julle eet nie. Los die bekommernisse van môre en leef in die oomblik. Van meet af is die Messias anders. Hy eet saam met tollenaars, maak siekes gesond. Hy skaar Hom by die ongewildes en die minder opvallendes en laat blyk dat hy oppad is Jerusalem toe, nie om die kroon oor te vat nie, maar om te sterf...

Dis juis oppad hierheen dat Hy vir sy volgelinge leer dat in sy koninkryk dit die laastes is wat eerste sal wees en die eerste laaste. Nadat Hy dit gesê het, kondig Hy die derde keer sy lyding en dood aan tot groot verontwaardiging van sy dissipels. Maar asof hulle nie registreer wat Hy sê en waarvoor Hy staan nie, vra hulle Hom die mees absurde vraag tot groot onthutsing van die ander dissipels: Here, ons wil graag hê U moet vir ons doen wat ons U gaan vra...Hulle voel hulle is geregtig op dit. Hulle het immers alles gelos om Jesus te volg. Opvallend dat Jesus hulle nie aanspreek of stilmaak nie. Hy neem hulle vraag ernstig, gaan in gesprek met hulle met groot deernis eerder as veroordeling en vra die vraag wat Hy altyd vra: Wat kan ek vir julle doen? Ek is hier tot julle diens...En dan verduidelik Jesus met groot deernis, sonder veroordeling dat sy koninkryk anders as die van die wêreld lyk:

Mark 10:42-45 “Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik. 43Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; 44en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. 45Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”

Die volgende verhaal is om dit wat Jesus nou net vir sy dissipels geleer het, in die praktyk te toets en by hulle te laat land.
Die blinde bedelaar Bartimeus is langs die pad toe hulle Jerigo inkom. Die gewone mense wat kán sien, het hom misgekyk, want hy was persona non grata vir hulle. En toe hulle hom hoor roep: Jesus seun van Dawid, ontferm U oor my...was hulle verleë, raas moet hom en sê hy moet stilbly. Dan gebeur die eerste wonderwerk: Jesus maak sy dissipels en die omstanders wat hom stilmaak se oë oop, om Bartimeus raak te sien, as hulle gelyke en Hy vra hulle om hom nader te roep. As hulle oë oopgaan vir die mens wat daar sit, roep hulle hom met deernis: Hou moed! Staan op! Hy roep jou.

Dis dan dat Jesus en Bartimeus mekaar beide raaksien – Bartimeus die enigste een wat weet wie Jesus regtig is. Jesus Seun van Dawid. En Jesus vra vir Bartimeus presies dieselfde vraag as vir die dissipels, die vraag van ‘n dienskneg: Wat kan Ek vir jou doen?

Bartimeus los sy bo-kleed, sy identiteit, sy alles en volg Jesus.

Om oor na te dink

- As Jesus voor jou kom staan en vra: Wat kan ek vir jou doen? wat sou jy antwoord?
- Na wie toe stuur stuur Jesus jou met hierdie selfde vraag?